basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## MUSIEK V2

## MODEL 2013

## MEMORANDUM

**PUNTE: 30**

**Hierdie memorandum bestaan uit 15 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

2. Beantwoord AL die vrae. Neem kennis dat daar keuses in VRAAG 5 is.

3. Skryf jou antwoorde op hierdie vraestel. Gebruik 'n potlood vir musieknotasie en blou of swart ink vir die ander antwoorde.

4. Hierdie eksamen sal geskryf word terwyl jy na 'n CD luister.

5. Die musiekonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die opsiener afneem.

6. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Jy mag hierdie bladsy verwyder.

**INSTRUKSIES AAN DIE PERSOON WAT MET DIE KLANKTOERUSTING WERK**

1. Die instruksies vir die musiekonderwyser verskyn in raampies.

2. Elke musiekuittreksel (snit) moet die vereiste getal kere, soos in die vraestel gespesifiseer, gespeel word.

3. Laat genoeg tyd tussen die snitte toe sodat kandidate tyd het om te dink en hulle antwoorde neer te skryf voordat die volgende snit gespeel word.

4. Die nommer van die snit moet elke keer duidelik aangekondig word voordat dit gespeel word.

5. 'n CD-speler wat met batterye werk, moet beskikbaar wees in geval van 'n kragonderbreking.

**NASIENROOSTER**

| VRAAG | TOTALE PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A** | | | |
| 1 | 2 | | |
| 2 | 2 | | |
| 3 | 5 | | |
| **SUBTOTAAL** | **9** | | |
| | | | |
| **AFDELING B** | | | |
| 4 | 8 | | |
| 5 | 4 | | |
| **SUBTOTAAL** | **12** | | |
| | | | |
| **AFDELING C** | | | |
| 6 | 9 | | |
| **SUBTOTAAL** | **9** | | |
| | | | |
| **GROOTTOTAAL** | **30** | | |

*Kandidate moet krediet kry vir korrekte antwoorde wat nie in die memorandum verskyn nie.*

## AFDELING A: GEHOOR

### VRAAG 1: RITME

| Speel Snit 1 VIER keer. Wag EEN minuut tussen elke herhaling. |
|---|

Luister na die ritmiese frase en vul die ontbrekende nootwaardes by maat 2 en 3 op die partituur in.

**Antwoord:**



*1 punt vir elke (√) = 8 ÷ 4 = 2 marks*

**[2]**

### VRAAG 2

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

| Speel Snit 2 VIER keer. Wag EEN minuut tussen elke herhaling. |
|---|

2.1 Luister na Snit 2 en beantwoord die vrae.

2.1.1 Noem die tydmaatteken.

**Antwoord:** 3/4 (1)

2.1.2 Maak 'n kruisie (X) in die blokkie langs die tipiese ostinato Bolero ritmiese patroon wat jy hoor.

(a)  [ ]

(b)  [ X ]

(c)  [ ] (1)

**[2]**

**VRAAG 3**

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

| Speel Snit 3 EEN keer vir 'n algemene oorsig. |
|---|

# Sixteen Going on Seventeen

Rodgers and Hammerstein



Speel Snit 4 TWEE keer.

3.1 Luister na die musiek vanaf maat 1–16 en benoem die ritmiese eienskap en komposisietegniek wat in mate 5–6 en 13–14 by (a) voorkom.

Ritmiese eienskap: *Sinkopasie = 1 punt*
Komposisietegniek: *Sekwens/Patroon en Sekwens = 1 punt*

(2)

Speel Snit 5 TWEE keer.

3.2 Luister na die musiek vanaf maat 17–20. Vul die ontbrekende nieharmoniese noot by (b) op die partituur in en identifiseer die tipe nieharmoniese noot wat gebruik is, byvoorbeeld (f) Deurgangsnoot.

*(b) Korrekte notasie (sien partituur) = 1 punt*
*(Onder-) Hulpnoot = 1 punt*

(2)

Speel Snit 6 VIER keer. Wag EEN minuut tussen elke herhaling.

3.3 Luister na die musiek vanaf maat 21–24 en vul die ontbrekende note by (c) in.

**Antwoord:**




*1 punt per regmerkie (√) 6 ÷ 2 = 3 punte*
*(Beide ritme and toonhoogte moet korrek wees)*

(3)

Speel Snit 7 TWEE keer.

3.4 Luister na maat 1–16. Identifiseer en skryf die name van die kadense by (d) en (e) neer.

*(d) Onvoltooide kadens = 1 punt*
*(e) Voltooide kadens = 1 punt*

(2)

| Speel Snit 8 EEN keer. |
|---|

3.5 Luister na maat 29–34. Watter interval hoor jy op die word *'I'll'* by (f)? Maak 'n kruisie (X) in die blokkie van jou keuse.

| Volmaakte 5de | Majeur 6de | Mineur 6de | Majeur 7de |
|---|---|---|---|

*Majeur 6de = 1 punt* (1)

(10 ÷ 2) **[5]**

**Voorbeeld van partituur:**

# Sixteen Going on Seventeen

Rodgers and Hammerstein




**TOTAAL AFDELING A: 9**

## AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKBEGRIPPE

### VRAAG 4: ALGEMENE LUISTER

Luister na die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

4.1 Speel Snit 9 DRIE keer.

4.1.1 Noem die houtblaasinstrument wat jy in die inleiding hoor.

*Klarinet = 1 punt* (1)

4.1.2 Watter slaginstrument hoor jy in die inleiding? Maak 'n kruisie (X) in die blokkie van jou keuse.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Xilofoon | Klok | Driehoek | Klavier |

*Klok = 1 punt* (1)

4.1.3 Noem die tipe solostem.

*Sopraan = 1 punt* (1)

4.1.4 Identifiseer TWEE ritmiese eienskappe in die vokale lyn wat aandui dat hierdie werk deur jazz beïnvloed is.

*Sinkopasie = ½ punt; Swing-ritme = ½ punt* (1)

4.2 Speel Snit 10 DRIE keer.

4.2.1 Met watter stylperiode assosieer jy hierdie uittreksel?

*Baroktydperk = 1 punt* (1)

4.2.2 Identifiseer EEN aspek van die begeleiding om jou antwoord op VRAAG 4.2.1 te staaf.

*Basso continuo of Klawesimbel/Tjello = 1 punt* (1)

4.2.3 Benoem die instrument wat die melodie speel.

*Blokfluit/Fluit = 1 punt* (1)

4.2.4 Hoeveel instrumente speel in hierdie uittreksel?

*Drie = 1 punt* (1)

4.3 **Speel Snit 11 DRIE keer.**

4.3.1 Met watter jazz-styl assosieer jy hierdie uittreksel?

*New Orleans-styl/Dixieland = 1 punt* (1)

4.3.2 Noem die solo-instrument wat jy aan die begin van hierdie uittreksel hoor.

*Klarinet = 1 punt* (1)

4.3.3 Watter tipe ensemble begelei die solo-instrument? Maak 'n kruisie (X) in die blokkie van jou keuse.

| Koperblaas-ensemble | Strykkwartet | Jazz-orkes | 'Big band' |
|---|---|---|---|

*'Jazz Band' = 1 punt* (1)

4.3.4 Met watter jazz-vorm assosieer jy hierdie uittreksel?

*12-maat blues = 1 punt* (1)

4.4 **Speel Snit 12 DRIE keer.**

4.4.1 Met watter musiekstyl assosieer jy hierdie uittreksel?

*Suid-Afrikaanse populêre musiek = 1 punt* (1)

4.4.2 Benoem die tydmaatteken.

*4/4 = 1 punt* (1)

4.4.3 Beskryf die tekstuur van die eerste vier mate van hierdie uittreksel. Maak 'n kruisie (X) in die blokkie van jou keuse.

| Homofonies | Polifonies | Monofonies | Multifonies |
|---|---|---|---|

*Homofonies = 1 punt* (1)

4.4.4 Watter van die volgende ritmiese patrone (A of B of C) word gebruik vir die woord *Umqombothi*? Maak 'n kruisie (X) in die blokkie van jou keuse.

A




B




C




*C = 1 punt* (1)

(16 ÷ 2) **[8]**

**VRAAG 5**

**Beantwoord VRAAG 5.1 OF 5.2 OF 5.3.**

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

Speel Snit 13, 14 en 15 direk na mekaar sodat kandidate kan kies watter vraag om te beantwoord.

| Speel Snit 13 DRIE keer. |
|---|

5.1 Luister na Snit 13 en beantwoord die vrae wat volg.

5.1.1 Identifiseer die genre van hierdie werk.

| *Konsert-ouverture = 1 punt* |
|---|

(1)

5.1.2 Met watter komponis assosieer jy hierdie werk?

| *P Tchaikovski = 1 punt* |
|---|

(1)

5.1.3 Beantwoord TWEE van die volgende vrae:

(a) Skryf 'n gepaste Italiaanse term vir die tempo van hierdie uittreksel neer.

________________________________________

(b) Wat is die tonaliteit van hierdie uittreksel?

________________________________________

(c) Identifiseer TWEE houtblaasinstrumente in hierdie uittreksel.

________________________________________

| |
|---|
| *(a) Tempo: Andante = 1 punt*<br>*(b) Tonaliteit: Mineur = 1 punt*<br>(c) *Instrumente: Klarinette = ½ punt*<br>*Fagotte = ½ punt* |

(2)
**[4]**

**OF**

Speel Snit 14 DRIE keer.

5.2 Luister na Snit 14 en beantwoord die vrae wat volg.

5.2.1 Identifiseer die styl van hierdie werk.

*Modale Jazz = 1 punt* (1)

5.2.2 Met watter musikant ('performer') assosieer jy hierdie werk?

*Miles Davis = 1 punt* (1)

5.2.3 Beantwoord TWEE van die volgende vrae.

(a) Skryf 'n gepaste term vir die tempo van hierdie uittreksel neer.

________________________________________

(b) Wat is die tonaliteit van hierdie uittreksel?

________________________________________

(c) Identifiseer TWEE instrumente in hierdie uittreksel.

________________________________________

*(a) Tempo: Andante/Matige tempo = 1 punt*
*(b) Tonaliteit: Gebaseer op D Doriese modus/Gebruik modale improvisasie*
*(Enige 1 = 1 punt)*
*(c) Instrumente: Trompet/Kontrabas/Klavier/Tromstel*
*(Enige 2 = ½ punt elk = 1 punt)*

(2)
**[4]**

**OF**

Speel Snit 15 DRIE keer.

5.3 Luister na Snit 15 en beantwoord die vrae wat volg.

5.3.1 Identifiseer die styl van hierdie werk.

*Inheemse Afrika-musiek = 1 punt* (1)

5.3.2 Met watter musikant assosieer jy hierdie werk?

*Mama Madosini (Madosini Manqina – Koningin van Suid-Afrikaanse Musiek uit Pondoland) = 1 punt* (1)

5.3.3 Beantwoord TWEE van die volgende vrae.

(a) Skryf 'n gepaste term vir die tempo van hierdie uittreksel neer.

____________________________________

(b) Wat is die korrekte sangtegniek wat deur een van die begeleidende sangers gebruik word? Maak 'n kruisie (X) in die blokkie van jou keuse.

| | | |
|---|---|---|
| Onomatopeïese sang | Ululasie | Krepitasie |

(c) Identifiseer TWEE instrumente in hierdie uittreksel.

____________________________________

*(a) Tempo: Matige tempo = 1 punt*
*(b) Ululasie= 1 punt*
(c) *Instrumente: Uhadi en Umrhubhe en stem*
*(Enige 2 = ½ punt elk = 1 punt)*

(2)
**[4]**

**TOTAAL AFDELING B: 12**

**AFDELING C: VORM**

**VRAAG 6**

Lees die vrae hieronder deur.

| Speel Snit 16 EEN keer vir 'n algemene oorsig. |
|---|

Bestudeer die partituur terwyl jy na die uittreksel luister.




21
mp
f
mp
25
mf
29
33
f
mf
37
Rit.
mp
p

Speel Snit 16 NOG EEN keer.

6.1 Doen 'n volledige vormontleding van hierdie die stuk deur die gegewe tabel in te vul.

| SEKSIES | MAATNOMMERS | TOONSOORTE |
|---|---|---|
| A√ | 1-8√ | G maj√ |
| B√ | 9-16√ | G maj – D maj√ |
| A√ | 17-24√ | G maj√ |
| $B^1$ (C) √ | 25-32√ | G maj – D maj√ |
| Coda ($A^1$) √ | 33-40√ | G maj√ |

*1 punt per (√) = 15÷3=5* (5)

6.2 Noem die oorwegende struktuur van die werk.

*Tweeledige vorm met Koda* ***OF*** *Elemente van Rondo-vorm = 1 punt* (1)

6.3 Lewer kommentaar op die ooreenkoms en/of verskil tussen maat 9–16 en maat 25–32.

*Materiaal van die LH-party in mate 9–16 verskyn in die RH-party van mate 25–32 in 'n gevarieerde vorm en omgekeerd = ½ punt*
*Beide seksies begin in G majeur en moduleer na D majeur = ½ punt*
(1)

6.4 Wat is ongewoon aan die ritmiese groepering van die regterhandparty van maat 33–36?

*Die normale groepering van 2+2+2+2 of 4+4 word laat vaar ter wille van die 3+3+2-groepering (Bossa Nova-ritme) = 1 punt*
*Die gevolg is 'n poliritmiese effek eie aan Afrikamusiek.* (1)

6.5 Speel Snit 16 NOG EEN keer.

Maak 'n kruisie (X) in die blokkie wat, na jou mening, die styl verteenwoordig wat die grootste invloed op die komposisie van hierdie werk gehad het.

| | |
|---|---|
| Jazz | |
| Tradisionele Afrikamusiek | X |
| Westerse Kunsmusiek | |
| Klassieke Indiese Musiek | |
| Afro-pop-musiek | |
| Latyns-Amerikaanse Musiek | |

(1)

**TOTAAL AFDELING C: 9**
**GROOTTOTAAL: 30**

Kopiereg voorbehou